

**Sing vooraf: Psalm 24:1 (p. 111)**

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!  
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond  
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus  
deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 36:3 (p. 179)**

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!  
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

**Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

**Psalm 46:5 (p. 237)**

- 5 Die oorlog swyg op sy bevel / tot in die allerverste land;  
die moordtuig om die mens te kwel, / verbreek Hy met oorwinnaarshand.  
Hy keer die oorlogs-kans / en breek die boog en lans, / in vlam van haat gesmee.  
Hy slaan die spies aan twee / en steek die oorlogswaens aan brand.

**Skriflesing: Genesis 4**

**Teks: Genesis 4:8; Kategismus Sondag 40**

**En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.**  
(Genesis 4:8 AFR1953)

'n Mens kan lewe (jou eie en ander mense s'n) net waardeer as jy God liefhet. Die oomblik wanneer jou verhouding met God skeefloop, is dit nie net jou geloof wat skeef gaan nie, jy verloor ook respek vir lewe.

- 1. Die oorsaak van die eerste moord**
- 2. Die gevolge van innerlike boosheid**
- 3. God en die lewe**

## 1. Die oorsaak van die eerste moord

Die Here openbaar in die geskiedenis dat die mense, nadat hulle in die Paradys hulle verhouding met God versteur het, ook hulle respek vir die lewe van 'n ander mens verloor het.

- Aanvanklik kom ons dit nie agter nie, want dit is net Adam en Eva.
- Dan word die eerste kind gebore. Eva is baie geesdriftig oor hierdie kind. Sy naam is Kaïn, wat beteken: “Ek het gekry!”
- Maar hierdie vreugde van haar het net 'n tyd lank gehou. Sy sou spoedig – deur die dood heen – agterkom watter verskriklike gevolge hulle sonde op hulle en hulle kinders sou hê.

Die tweede kind wat gebore is, se naam is Abel. Hy en Kaïn word saam groot. Hulle werk ook saam. Maar hulle verskil ook.

- Kaïn volg Adam se beroep: Hy word 'n landbouer.
- Abel begin diere tem en hy word 'n herder wat met vee boer.

Die twee seuns verskil nog meer, want hulle gesindhede en verhouding met die Here verskil ook.

- Abel is vroom en gelowig.
- Kaïn is nie.

Dit kom uit in hulle offers. Al twee het by 'n geleentheid gaan offer.

- Kaïn het uit gewoonte gaan offer, nie uit geloof nie.
- Abel het sy offer gaan bring uit die diepte van sy geloof. Daar staan in Hebreërs 11:4 geskryf:

**Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kaïn, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het, en deur dieselfde geloof spreek hy nadat hy dood is. (Hebreërs 11:4 AFR1953)**

Die verskil tussen die twee daar by hulle altare kom nog verder uit in hulle gedrag. Kaïn se offer was verkeerd omdat die gesindheid binne-in hom boos was. Daar staan in 1 Johannes 3:11-12:

**Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.**

(1 Johannes 3:11-12 AFR1953)

## 2. Die gevolge van innerlike boosheid

Ons kom meteens agter dat Kaïn sigbaar anders optree as sy broer.

- Hy word kwaad omdat die Here nie vrede het met sy ongeregtigheid nie.
- Hy het baie goed geweet dat die Here ontevrede was, want die Bybel leer dat die Here self getuienis gegee het oor Abel se offer dat dit regverdig was. Kaïn se offer was dus onregverdig.

Kaïn het toe sy kop laat hang.

- Hy mis die vreugde daarvan dat God bly is oor hom.
- Van sy kant af wil hy nie die verkeerde beginsels wat die spanning veroorsaak het, prysgee nie.
- Toe gaan praat die Here met Kaïn. Hy roep hom tot bekering. Maar selfs nadat die Here self met Kaïn gepraat het, kom hy nie tot bekering nie.
- Hy word selfs slegter, want hy gaan pleeg 'n daad van haat. Nou nie meer net teen God nie – nou teen sy medemens.
- Hy slaan sy broer Abel dood. Daarmee word die eerste moord gepleeg.
- Ons sien dus in hierdie daad waar die fout by elke moordenaar vandaan kom – hy het God verlaat en toe in sy binneste verkeerd geraak.
- Die gevolg is dat hy tot sy respek vir die lewe van ander mense verloor het.

Die Here gaan soek Kaïn weer op. Hy vra vir hom: “Waar is jou broer?” Daarmee toets die Here sy kommer (liefde) oor sy broer. Hoe ver het die haat in sy hart gevorder?

- Kaïn se antwoord bewys toe dat hy presies die teenoorgestelde as liefde in sy binnekant rondra. “Ek is nie my broer se oppasser nie!” Met ander woorde: Ek het nie my naaste lief soos ek myself liefhet nie.
- Kaïn se vermoë om lief te hê het versplinter, en het toe te voorskyn gekom in moord.
- Dit is nogal skokkend as mens dink dat die eerste mens wat gesterf het, vermoor is – dit nogal 'n regverdige mens wat onskuldig was.

Kyk hoe verskriklik is die gevolge van hierdie moord:

- God vervloek Kaïn. Daarmee word die toegang na die hemel toe vir hom afgesluit.
- Hierdie Kaïn word die eerste een wat die lyn van die antichris in die mensdom ingedra het.
- Dit is die lyn van die mense wat buite die verbond is, en wat God gehaat het en daarom aan Hom ongehoorsaam was.

### **3. God en die lewe**

Uit hierdie stukkie geskiedenis kan mens sien hoe waardevol die lewe van die mens vir die Here is.

- Die Here het die mens geskape om te lewe tot in ewigheid. Die Here het hulle nie geskape om te sterf nie.
- Die dood het as straf op die sonde gekom. Dit is ook waarom ons nie lewe mag neem nie.
- Ons kan nie lewe skep nie, en ons kan ook nie God se straf voltrek daarin dat ons iemand doodmaak asof ons die mag en die reg daartoe het nie.

Dit is natuurlik ook so dat die Here ons lewe beskerm omdat Hy geweet het dat die mens so sleg sou word dat hy geen respek vir lewe meer het nie.

- Die Here weet ook dat mense moord gebruik om weerwraak te wil neem op ander mense. Kaïn was juis bang dat die ander mense hom sou doodmaak omdat hy Abel doodgemaak het.
- Die Here verhoed dit, daarom gee Hy vir Kaïn 'n teken wat sou verhoed dat die mense hom doodmaak. Die Here beskerm dus selfs die onregverdige mens se lewe.

- Daarom verbied die Here nie net moord nie. Hy verbied al die ander dinge wat familie is van moord ook, soos haat en nyd, en enige kwade gedagtes wat jy mag hê waarmee jy jou naaste mag doodwens. Dit is eintlik logies, want Kaïn is deur al hierdie dinge voordat hy sy broer doodgemaak het.

God ag die lewe van die mens so hoog dat Hy sy Seun stuur om vir ons te sterwe, sodat Hy met sy oorwinning oor die dood die situasie vir ons omdraai: Hy omskep vir ons die dood in lewe.

- U weet die kruisdood pas nogal by die dood van Abel, omdat God se Seun ook onskuldig vermoor word.
- Dit is nogal ironies dat ons – deur moord op die Seun van God – die ewige lewe kry.
- Jesus staan op uit die dood en vaar hemel toe, waarmee Hy die waarborg gee dat Hy ons lewe gaan herstel sodat ons ook uit die dood sal opstaan en in sy ewige koninkryk sal lewe.
- Wat die Here Jesus dus doen, is dat Hy met sy dood en opstanding aan ons teruggee wat ons verloor het met die sondeval.

Die verbod op doodslag is vir ons Nuwe-Testamentiese Christene meer as wat dit was vir die Ou-Testamentiese gelowiges.

- Vir hulle was dit net 'n wet wat hulle lewens beskerm het.
- Ons staan in die teken van die kruis, wat beteken dat ons ook in Christus die opdrag het om lewe te beskerm.
  - Ons kan nie lewe teruggee soos Jesus Christus nie,
  - maar ons kan haat en nyd beveg en daarmee die wortels van moord probeer uitroei.

Ons is in Christus mense wat die lewe vertroetel. Ons vermy die pad van konflik en haat, en moord. Ons lewe positief in aanbidding tot God en die uitlewing van liefde tot Hom en tot ons naaste.

Kom ons lees Kategismus Sondag 40 saam.

***Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?***

***Antwoord:*** Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).  
(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25;18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

***Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?***

***Antwoord:*** Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).  
(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

***Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?***

**Antwoord:** Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 62:8 (p. 303)

8 'n Godspraak ruis my in die oor. / Twee woorde het ek toe gehoor:  
"By God alleen is sterkte en kragte!" / "Ook is by U die goedheid, HEER!"  
Dus is daar vir die sterfling weer / vergelding na sy werk te wagte.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 24 Augustus 2008

## **Opsomming**

Die Here het die mens geskape om te lewe tot in ewigheid. Die Here het hulle nie geskape om te sterf nie. Dit is ook waarom ons nie lewe mag neem nie. Ons kan nie lewe skep nie, en ons kan ook nie God se straf voltrek daarin dat ons iemand doodmaak asof ons die mag en die reg daartoe het nie.